MNR. HANEKOM : Waaroor het die sprekers die dag gepraat? Wat was die tema van die vergadering? -- Die gehoor was in kennis gestel dat die houding is dat die mense, dit wil sê die gemeenskapsraad doen niks vir die gemeenskap nie. Dit was aan die gehoor verduidelik dat daar net een ding is wat hierdie mense doen, verwysende na hierdie gemeenskapsraad en dit is om die mense te onderdruk. Melding was gemaak van die verhoging van (30) huurgelde wat daaglik plaasvind en daar is niks wat gedoen

K348

word daaromtrent nie. Daar is ook melding gemaak van mense wat baie min inkomste kry wat net nie kan bekostig om hierdie huurgelde te kan betaal nie. Dit was toe aan die mense verduidelik dat hierdie mense, verwysende na die Raad, moet bedank.

Het die sprekers op die vergadering gesê wat sal gebeur as die raadslede nie bedank nie? -- Ja, ek het dit gehoor.

Wat het hulle gesê? -- (Tolk vertaal letterlik uit Xhosa) As hulle nie bedank nie, dan beteken dit dat hulle voor die wiel van die mense staan wat besig was om wat te doene het (10) met verbeterings wat aangebring word en daardie wiel sal hulle pootjie.

HOF : Dit is beeldspraak. Wat beteken dit inderdaad? Wat het u daarvan afgelei? -- Ek het dit so verstaan, as 'n mens sê jy staan voor 'n wiel wat jou sal pootjie, beteken dit vir my net een ding en dit is die volgende, dat jy beseer gaan word as jy voor iets gaan staan wat gevaarlik is, byvoorbeeld dat jy raakgery kan word deur 'n voertuig of enige bewegende ding, dan gaan jy beseer word of gedood word.

MNR. HANEKOM : Het van die sprekers gesê wat op 'n volgende (20) vergadering moes gebeur of sou gebeur? -- (Tolk verduidelik aan Hof dat pootjie "trip" kan beteken asook stamp) Ja, hulle het.

Wat was dit? -- Wat gesê was daar was dat hierdie lede van die gemeenskapsraad genooi sal moet word na die volgende vergadering wat op 'n Sondag gehou sal word sodat hulle in die teenwoordigheid van die gemeenskap, dit wil sê die gehoor teenwoordig daar, moet bedank.

Het enigeen van die sprekers iets gesê oor Swartpolisie-  
manne? -- Dit is so. (30)

Wat is gesê? -- Hulle het die mense in die gehoor

... / gewaarsku



gewaarsku dat hulle daarvan moet ontslae raak, dit wil sê ophou om vriende met die polisie te maak.

Is enige polisiebeamptes by name genoem? -- Dit is so.

Wie was dit? -- My naam was genoem in daardie vergadering.

Wat was van u gesê? -- Die gehoor daar was gesê dat al die mense wat vriende van my is of wat met my huisgesin bevriend is, moet dit stop, want daar is baie mense wat vriende van my en wat huisvriende van my is, omrede daar gebore is en daar groot geword het. Andersins, as hulle nie ophou nie, (10) gaan hulle aan die brand gestee word.

Is daar die volgende Sondag, dit Sondag direk volgende op hierdie Sondag weer 'n vergadering in die gebied gehou? -- Ja.

MR BIZOS : Unless our silence be misconstrued we would object to statements made by non-named persons in the indictment or in the absence of any reference in the indictment of any of these matters, but, of course, we understand what Your Lordship's ruling is in that regard, but we do not want our silence to be misunderstood.

COURT : That is noted. (20)

MNR. HANEKOM : Waar was die vergadering gehou? -- In dieselfde gemeenskapsaal.

Het u die vergadering gemonitor? -- Dit is so.

Waar was dit? -- In dieselfde huis waar ek die vorige keer was.

Watter organisasie het die vergadering belê? -- SEYCO, SERA en COSAS.

Het u voor die vergadering begin het enige raadslede daar gesien? -- Ja, ek het. Ek sal u sê wat gebeur het. Na die eerste vergadering wat ek gemonitor het, het ek met (30) die raadslede gaan praat oor wat ek daar gehoor het en wat

gesê was in daardie vergadering.

HOF : Wat was die effek daarvan? -- Toe ek dit met hulle bespreek het wat ek gehoor het in die vorige vergadering, het hulle my meegedeel dat hulle alreeds uitnodigingsbriewe ontvang het om die vergadering wat die volgende Sondag gehou gaan word by te woon en toe gesê dat hulle sal gaan.

Het hulle toe gegaan? -- Dit is so, ja.

MNR. HANEKOM : Watter raadslede het u die dag daar by die vergadering gesien? -- Mnr. Njenje.

Was hy die burgemeester? -- Nee

(10)

Wie was die ander raadslede? -- Lottering.

Wie nog? -- Mnr. Dulwana.

Wie nog? -- Mnr. Kwatsha.

Is dit al of was daar nog ander raadslede? -- Dit is al.

Was dit die volle raad of was daar raadslede wat nie daar was nie? -- Daar was van hulle wat nie daar was nie.

Het die sprekers weer oor 'n luidsprekerstelsel gepraat die dag? -- Ja, want die saal was vol gewees, soveel so dat die mense buitekant die saal gestaan het.

Was daar luidsprekers aangebring buitekant die saal? (20)  
-- Daar was 'n luidspreker gewees wat by die deur, dit wil sê die uitgang na buite toe was. Dit het na buite toe gewys.

En vanwaar u in die huis was, kon u hoor wat daar op die vergadering gesê was? -- Dit is so.

Wat het op die vergadering gebeur? -- Dit was aan die raadslede verduidelik dat hulle moet bedank.

Kan u onthou volgens wat u gehoor het wie die spreker was wat dit gesê het? -- Andile Ntshutu.

Wat het hy nog gesê? -- Hy het verduidelik dat dit vereis word deur die gemeenskap dat die raadslede moet bedank, (30)  
want daar is niks wat die raadslede doen vir die gemeenskap

... / nie

nie.

Wat het verder gebeur? -- Hy het toe verder verduidelik waarom die gemeenskap kla, byvoorbeeld die toestand van die lokasie, soos ek alreeds genoem het, die huurgelde. Hulle het toe verder gesê dat as die raadslede nie bedank nie, staan hulle voor die wiel van die persone wat te doene het met die klagtes of die regstelling van mense se klagtes.

HOF : Wat word daarmee bedoel? -- Wat ek verstaan is dat hulle, die raadslede, staan in die pad van die mense wat te doene het met hierdie probleme van die gemeenskap. (10)

Ja, maar daar word nou gesê die persone wat te doene het met die regstelling van die mense se klagtes. Het u gedink dit verwys na sekere persone of het u nie geweet wat dit beteken nie? -- Ek verstaan of het verstaan dat hulle praat van die mense in die pad van die organisasies - wat in die pad van die organisasies staan.

MNR. HANEKOM : Het enige van die raadslede geantwoord nadat Andile Ntshutu hierdie dinge gesê het? -- Ja, dit is so. Eintlik het al die raadslede daar teenwoordig daarop geantwoord. Dit wil sê in die volgorde. (20)

Wat het hulle gesê? -- Ek het elk van hulle teenwoordig daar gehoor toe hulle aan die gemeenskap of die gehoor daar gesê het dat van vandag af bedank hulle. Hulle het toe verder gesê dat hulle glad nie deel sal neem aan enigiets wat te doene het met die gemeenskapsraad nie. Hulle los alles.

Wat het toe na daardie dag in Somerset-Oos gebeur? Het die mense inderdaad as raadslede bedank by die Raad of wat het gebeur? -- Toe hulle daar voor die gehoor in die vergadering gesê het dat hulle nou bedank van die Raad, hulle het niks meer te doene met die Raad nie, was dit eintlik nie (30) die korrekte ding wat hulle daar gesê het nie, want ons het

al voorheen daarvan gepraat wat hulle gaan maak in die vergadering, naamlik hulle gaan maak of hulle bedank, terwyl hulle in werklikheid nie bedank het nie.

HOF : Hoekom het hulle dié soort van ding gedoen? -- Dit was omdat hulle nog nie presies geweet het wat die probleem is hoekom hulle moet bedank nie. Die mense wat sê hulle moet bedank het nog nie persoonlik met hulle kom praat oor wat die redes was nie. Met die gevolg dat hulle besluit het om dit eers vas te stel deur die vergadering by te woon om hulle posisie dan later te oorweeg na hulle by die mense gewees (10) het.

MNR. HANEKOM : Het hulle na daardie dag, na die vergadering openlik voortgegaan met hulle bedrywighede as raadslede of wat was die posisie? -- Nie in die openbaar sodat almal kan sien dat hulle nog aangaan nie, maar hulle het nog aangegaan.

Het hulle 'n raadsvergadering bygewoon in die gebied of weet u nie? -- Hulle het vergaderings gehou, maar nie in die Swartwoonbuurt nie. Hulle het dit gehou buite die Swartwoonbuurt. Dit is sover ek weet.

Het u 'n vergadering bygewoon aan die begin van 1985 in (20) die groot Apostoliese Kerk in Somerset-Oos? -- Ja.

Is die kerk in een van die Swartgebiede of waar is hy? -- Hy is in die Swartwoonbuurt bekend as Mnandi.

Kan u die datum van die vergadering onthou? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie, maar al wat ek vir die Hof kan sê is, dit was 'n Saterdag gewees toe hierdie vergadering daar gehou was.

Kan u sê of dit in Januarie 1985 was of kan u nie die maand bepaal nie? -- Tussen Januarie en Februarie, tussen daardie twee maande. (30)

Het u die vergadering as toehoorder bygewoon of waar was u?

... / Ek

-- Ek was nie in die vergadering self nie. Ek het in 'n voertuig buite gesit.

Naby aan die kerk? -- 'n Entjie van die kerk af.

Deur wie is die vergadering belê? -- Deur die drie organisasies SEYCO, SERA en COSAS.

Het u enige persone die vergadering sien bywoon wat aan ander organisasies as hierdie drie verbonde was wat u van geweet het? -- Dit is so, ja.

Wie was dit? -- Mathews Goniwe, N. Makaola.

Is dit dieselfde mense wat u vroeër van getuig het? (10)  
-- Ja.

Het hulle twee alleen by die vergadering aangekom of was hulle in die geselskap van ander persone? -- Hulle het gelyktydig daar gekom met die lede van die drie organisasies wat ek alreeds genoem het, dit is die plaaslike organisasies en dan die twee wat ek nou net genoem het. Dan was daar vreemde mense gewees ook in die klomp se geselskap met hulle aankoms daar.

Watter mense van die plaaslike organisasies was in hulle geselskap? -- Andile Ntshutu, Panama Njenje en Gqobane.

HOF : Hierdie Njenje is dit dieselfde Njenje as wat ons (20)  
al vantevore gehad het? -- Dit is twee persone. Daar is Njenje 'n raadslid en dan 'n Njenje van die organisasies.

Is hy van 'n organisasie? -- Njenje, die raadslid is die vader van Njenje van die organisasies waarvan ek nou net melding gemaak het.

MNR. HANEKOM : Van watter organisasie is Panama 'n lid? -- Van SEYCO.

En Gqobane? -- Ook SEYCO.

Kon u hoor wat binne-in die kerk tydens die vergadering gebeur? -- Ja. (30)

Hoe het u dit reggekry? -- Daar was luidsprekers gewees.

... / Was

Was daar luidsprekers buite die kerk? -- Ja, dit is so.

Wat was die tema van die vergadering? -- Die voorsitter van die vergadering het mnr. Goniwe voorgestel as 'n spreker en toe daarna het ek mnr. Goniwe gehoor 'n toespraak maak.

Het die voorsitter gesê in watter hoedanigheid mnr. Goniwe gaan praat? -- Ja, hy het.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê hy kom namens die UDF praat.

Waaroor het mnr. Goniwe gepraat? -- Hy het eers gepraat van COSAS. (10)

Wat het hy daarvan gesê? -- Toe hy begin praat, het hy van COSAS gepraat, maar ek kon nie hoor wat hy presies sê van COSAS nie. As gevolg daarvan het ek agteruit met die voertuig gery om nader te kom, dit wil sê binne die hoorafstand. Dit was 'n privaat voertuig. Toe ek by die punt kom waar ek hom kon gehoor het, het hy die toespraak afgesluit oor COSAS.

Wat is die deel wat u wel gehoor het? -- Ek wil nie leuens vertel nie. Ek het nie so goed gehoor wat hy gesê het nie.

Het enige ander sprekers die dag iets van COSAS gesê? (20)

HOF : Gaan u nie eers vir ons vertel wat Goniwe verder gesê het nie of is dit die einde van die toespraak?

MNR. HANEKOM : Wat het mnr. Goniwe verder gesê? Kon u hoor? -- Hy het toe gepraat van die "street committees".

Wat het hy daarvan gesê? -- Hy het eers verduidelik wat 'n "street committee" is en hoe dit gestig kan word.

Hoe het hy dit verduidelik? Hoe is dit? -- Hy het eers begin praat oor die pligte van 'n "street committee". Ek kon nie alles hoor wat hy sê nie. Ek het net hier en daar gehoor. Ek sal vir u sê wat die rede is daarvoor. Ek kon (30) nie net daar stil gestaan het en geluister het na hom nie, ek moes

rondgekyk het, "cavy" hou self.

Wat het u wel gehoor wat het hy gesê oor "street committees"? -- Hy het gesê mense moet hulle self organiseer en bymekaar kom en as een samewerking verleen. Hy sien hier in Somerset word daar niks gedoen nie, omrede daar op ander plekke alreeds "street committees" bestaan, maar hier is nog nie 'n "street committee" nie. Hy het toe verder verduidelik dat die eintlike doel van die "street committee" is dat die mense bymekaar moet kom en hulle dinge self doen.

HCF : Wat is hulle dinge? -- Eintlik wat ek verstaan het (10) was, wat hy daarby bedoel is, al die werk wat eintlik deur die raadslede gedoen was, sal hierdie mense self moet doen. Dit wil sê die pligte van 'n raadslid of raadslede sal oorge- neem word deur die "street committee."

MNR. HANEKOM : Wat het u verder gehoor oor die "street committee?" -- Wat ek toe verder gehoor het was dat die polisie niks te doene moet hê met die lokasie nie. As daar enigiets is wat die mense oor kla, moet hulle na die "street committee" toe gaan om dit reg te stel.

Ja? -- Ek het toe verder gehoor toe hy gesê het dan (20) sal hy maar met die "executives" van al hierdie organisasies bymekaar moet kom waar hy hulle gaan verduidelik hoe om te werk te gaan met die stigting van die "street committees".

Het hy nog iets gesê oor die "street committees" of was dit al? -- Dit is al wat ek gehoor het.

Het u op enige later stadium gesien of daar wel "street committees" in Somerset ...(Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou die einde van die toespraak? -- Ja, dit was die einde van sy toespraak.

MNR. HANEKOM : Het u gesien op enige later stadium of daar (30) wel "street committees" bestaan in enige van die Swartgebiede

... / in

in Somerset-Oos? — Wat ek opgemerk het was hierdie organisasies was besig met die stigting van hierdie "street committees". Toe was daar 'n "state of emergency" gewees, as gevolg waarvan die leiers van hierdie organisasies opgesluit was. Dit was in 1985.

Dit sluit die getuienis oor die vergaderings wat die getuie bygewoon het af, U Edele. Op 16 Maart 1985 was daar 'n begrafnis van ene Memese in Somerset-Oos?

HOF : Dit is van Deborah Memese? — Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Het u die vergadering bygewoon die dag?— (10)  
Ek was nie by die stoet gewees nie, maar ek was een van die polisiebeamptes wat die begrafnis daar onder observasie gehou het.

Voordat die begrafnisstoet van die huis van die oorledene af gegaan het na die graf toe, het u enige prominente persone daar geïdentifiseer? — Dit is so.

Wie was dit? — Mathews Goniwe.

Was hy alleen of vergesel van iemand? — Hy was in die geselskap van 'n vroumens wat van Cradock af gekom het.

Het u haar geken? — Nie voor die dag van die begrafnis(20) nie. Ek het net haar naam geken waaronder sy bekend was, naamlik Mamma General van Cradock.

Het u dit hierdie dag vir die eerste keer gehoor of het u al vantevore gehoor sy staan bekend as Mamma General? — Ek het vantevore gewest dat daar so 'n persoon is met daardie naam. Dit is voor ek die persoon persoonlik gesien het.

Het enigiemand die stoet gelei van die huis af na die kerk toe? — Ja.

Wie was dit? — 'n Voertuig bestuur deur Mathews Goniwe was die leier. (30)

Het van die stoetgangers plakkate gedra? — Baniere.

... / Hoeveel



Hoeveel baniere het u gesien? — Elk van die drie organisasies wat ek alreeds genoem het plaaslik het 'n banier gehad in hierdie stoet. Ek het nog een gesien waarop UDF geskryf was met swart ink. Daar was een CRADORA van Cradock.

Het u geweet waarvoor staan CRADORA? — Ja, ek het geweet.

Wat is dit? — Cradock Residents Association.

Enige ander baniere of is dit al? — Dit is al.

Kon u hoor wat binne-in die kerk, toe die kerkdiens binne-in die kerk aan die gang was, kon u hoor wat daar binne gesê is? — Ja. Ek het met 'n landrover gery wat net agter die (10) kerk was, dit wil sê daar is twee strate, een aan weerskante van die kerkgebou. Ek het in die agterste straat gestaan terwyl die mense aan die voorkant van die kerk, dit wil sê in die ander straat was. So, ek kon hoor wat daar gebeur het.

Het u heeltyd buite die kerk gestaan? — Ja.

Was daar luidsprekers gebruik in die kerk? — Dit is so.

Kon u die toesprake in die kerk hoor? — Ek het 'n baie skerp toespraak gehoor van die vroumens Elizabeth Sibanda. Sy het haarself voorgestel as Elizabeth Sibanda, bekend as (20) General.

HOF : Dit is nou Mamma General? — Ja.

MNR. HANEKOM : Wat het sy gesê? — Sy het daar aan die gehoor gesê by hierdie begrafnis dat sy 'n lid is van die ANC en toe verder gesê dat sy alreeds in Robbeneiland was. Sy het toe verder gesê dat daar nie in Somerset gewerk word nie. Sy het toe verder gesê sy kan sien die biersale hier staan nog. Die Munisipaliteit se kantore staan nog. Sy het toe verder gesê al hierdie goed wat sy daar sien wat nog staan, in Cradock was daarmee weggedoen. Sy het toe verder gesê al was sy (30) in Robbeneiland gewees vir daardie jare wat sy daar was, sal

... / dit

dit nie haar gevoel verander nie.

Is dit al wat u onthou van haar toespraak? -- Ja. Verskoon my. Na aanleiding van die toespraak van hierdie vroumens dat sy reeds in die tronk was by Robbeneiland en dat sy 'n lid is van die ANC, na 'n paar dae het ek ondersoek ingestel om dit vas te stel, as gevolg waarvan ek toe by die sekuriteitspolisie uitgekom het en dit was aan my bevestig dat sy wel ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit toelaatbaar?

MNR. HANEKOM : Nee.

(10)

HOF : Ek skrap dit.

MNR. HANEKOM : Ons laat daardie deel uit. Na die teraardebestelling in die begraafplaas, is die stoet weer gelei van die begraafplaas af terug na die huis van die oorledene? -- Na die begrafnis?

Ja, nadat die begrafnis in die begraafplaas afgehandel is? -- Ja, dit is so.

Wie het die stoet gelei? -- Mathews Goniwe.

Het u stelling ingeneem naby die huis van die oorledene?

-- Dit is so.

(20)

Hoe ver van die huis af was u? -- Die oorledene se huis is regoor die biersaal. Dit word geskei deur 'n straat. Ek het 'n posisie ingeneem in die straat agter die biersaal, vanwaar ek 'n posisie ingeneem het in die straat agter die biersaal. Ek kon die oorledene se huis sien sowel as die mense by die oorledene se woning omrede daar niks my uitsig belemmer het nie. Daar was 'n opening gewees.

Wat het daar by die huis gebeur? -- Die huis daar by die oorledene, as ek reg is, is dit drie vertrekke. Die meeste van die mense het dus daar buite gestaan. Vanwaar die mense(30) bymekaar gestaan het daar, was daar iets gewees, want 'n persoon

... / wat

wat daar gepraat het, het op daardie ding gestaan en die persoon was dus duidelik sigbaar vanwaar ek was.

Wie was die persoon? -- Toe ons daar gekom het, het ons stilgehou en daardie posisie van ons is alreeds beskryf deur my. Onmiddellik na ons daar gestaan het, het die vroumens, Elizabeth Sibanda, daar op gaan staan, dit wil sê hoër as die ander mense. Sy is so 'n vetterige vroumens. Sy is groot van liggaam.

Wat het sy gedoen? -- Sy het die volgende woorde gebesig skerp "Kyk, hier is die biersaal. Hier staan hy. Dit is (10) mooi. Die Munisipaliteit se kantoor staan ook. Dit is ook mooi. Wat maak julle hier in Somerset? Julle sê julle werk?" Na sy dit gesê het, het ek 'n geluid gehoor van vensterruite wat breek. Dit is die biersaal se vensterruite aan die kant van die oorledene se huis. Daarna het ek opgemerk dat daar 'n groot klomp mense aan die voorkant van die biersaal gekom het. Hulle het die omheining daar uitgepluk en dit neer laat val. Hulle het na die voorkant van die biersaal gegaan.

Vanwaar het die groep mense gekom? -- Dit is die mense wat voor die oorledene se huis was. Dit wil sê die mense (20) wat by die begrafnis was.

Wat gebeur verder? -- Ek het opgemerk dat die biersaal met klippe aangeval word. Ek het vlamme opgemerk. Terwyl party besig was by die biersaal, het die ander na die Administrasiekantore toe gegaan. Dit wil sê die kantore waar die huurgelde betaal word. Toe hulle na daardie kantore toe gegaan het, was hulle naby die plek gewees waar ons posisie ingeneem het. As gevolg waarvan ons toe besluit het om verder weg te kom van daardie plek af, wat ons toe ook gedoen het. Dit het ons gedoen, want ons was die enigste landrover daar. (30) Terwyl ons so wegbeweeg het, het ons die ander voertuie gekontak

in die omgewing en hulle ingelig oor wat nou daar plaasvind in die omgewing van die plek waar ons is en dat hulle nader kan kom.

Het van die geboue wat met klippe gegooi is, ook aan die brand geraak? -- Ja, hulle het aan die brand geraak.

Watter geboue?-- Die biersaal, die "rent office", die opsigter se huis, dit wil sê die biersaal se opsigter se huis was ook aan die brand, die kafee wat "adjacent" was met die biersaal, 'n klerk by die Administrasieraad se kantore se huis was ook aan die brand, Richard Jose. (10)

Hoe ver was Richard Jose se huis van die biersaal en hierdie kantore af? -- Dit is 'n entjie ver, in 'n ander straat heel onder.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K349

MANDLA BENNET MGUBA, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Voor die verdagting het u gepraat van Richard Jose se huis wat ook die dag aangeval en aan die brand gestee is. -- Dit is so.

Kan u net vir die Hof duidelikheid gee. Is dit min (20) of meer in dieselfde tyd wat die kantoor en die biersaal aan die brand gestee is of is dit eers heelwat later daardie selfde dag gewees? -- Die plekke is geleë in dieselfde blok. Eers die biersaal, dan die kantore en die opsigter se huis, daarvandaan is hulle na Jose se huis toe.

En van Jose se huis af, is verdere plekke aangeval of nie? -- Ja. Regoor net anderkant die straat is my slaghuis regoor Jose se huis. Dit was ook aan die brand gestee.

Is dit korrek, 'n vorige getuie het gesê die slaghuis was nog nie klaar gebou nie? -- Ja, dit is so, maar dit sou (30) begin werk het binne drie dae.

Nadat die slaghuis aan die brand gesteeek is, wat het toe gebeur? -- Al die plekke wat ek genoem het, is in die lokasie wat bekend staan as New Brighton. Daarvandaan is die mense toe na die nuwe lokasie toe wat bekend staan as Mnandi.

Voordat ons by Mnandi kom. Het die polisie opgetree teen die mense in New Brighton? -- Ja, traangas was gebruik.

Hoe is die traangas gebruik? Is dit traangaspatrone wat afgevuur was of is dit 'n niesmasjien? -- Ek sal nie kan sê nie, want daar was 'n Casspir gewees. Die persoon op die Casspir het traangas gehad en daar was 'n landrover gewees (10) met die niesmasjien. Watter een van die twee daar gebruik was, kan ek nie sê nie.

Het u self gesien of die niesmasjien daardie dag gebruik was by daardie toneel of nie? -- Eksel self het dit nie gesien nie. Ek het net gehoor dat die gebruik was.

Wat het later daarna in Mnandi gebeur, dieselfde dag? -- Die landrover waarmee ek gery het, was gebruik vir observasie. Ons is toe soontoe. Met ons aankoms te Mnandi vind ons dat 'n raadslid se huis met petrolbomme aangeval was en een van die vertrekke was aan die brand. (20)

HOF : Watter raadslid? -- Memese.

MNR. HANEKOM : Wat het u nog gevind? -- Daarna het ons weer by 'n huis uitgekom van raadslid Izak Heka. Dit was in vlamme toe ons daar kom. Ook sy voertuig.

Was daar nog mense op die toneel by die huis wat gebrand het toe u daar kom? -- Nee, daar was nie mense gewees nie.

Was daar enige ander voorvalle die dag in Mnandi? -- Nie wat ek van weet nie, behalwe die padversperrings met wrakke.

HOF : Net in Mnandi? -- Mnandi, New Brighton en die hoofstraat, byvoorbeeld Glen Avon Road, wat in die woonbuurt (30) ingaan.

MNR. HANEKOM : Hoe was die paaie versper? -- Ou motorwrakke was daar geplaas, klippe en brandende buitebande. Die elektriese pale wat by die kantore was, was ook weggeneem om daarmee padversperrings te gaan maak.

Wanneer daardie dag, 16 Maart, het u die eerste keer padversperrings opgemerk? Watter tyd van die dag? -- Na die aanval op die biersaal en die kantore van die Administrasie en die huis van die opsigter, toe ons begin beweeg het, het ons toe vir die eerste keer opgemerk dat die paaie versper was.

Die volgende dag, 17 Maart, was daar weer probleme in (10) die Swartwoongebiede? -- Ja, dit het begin om en by 08h00 die oggend, volgens my waarneming.

In watter gebied? -- Dit was by die biersaal. Die biersaal het nie heeltemal uitgebrand die Saterdag nie. Dus die Sondag het hulle dit klaar kom uitbrand. So, drank was uitgedra om dit verder heeltemal te vernietig.

HOF : Is die drank stukkend gegooi? -- Daar was van die drank wat stukkend gegooi was en daar was mense wat die drank weggedra het.

MNR. HANEKOM : Was daar enige ander voorvalle die dag? -- (20) Ja. Dit het 'n bietjie lank gevat om hierdie biersaal heeltemal te vernietig. In die loop van die dag, 'n sekere gedeelte van die persone wat daar besig was, 'n klomp het toebeweeg na Glen Avon Road, waar ek opgemerk het dat die persone, dit is die klomp wat soontoe gegaan het, besig was om 'n trek uit die perseel uit te stoot waar dit geparkeer was deur die werker van die Raad. Dit is die Raad se eiendom. Dit is uitgetrek en omgegooi en die volgende ding wat gebeur het wat ek gesien het was dat dit aan die brand geslaan het.

Het u enige van die persone daar herken? -- Nee, ek (30) was te ver gewees om iemand te herken daar, want ek was by my

... / huis

huis gewees wat eintlik op 'n hoër vlak was. Hulle was daar onder waar ek hulle kon gesien het.

Wat het verder die dag daar gebeur? -- Die klomp wat by die trok was het teruggekeer in die rigting van die biersaal, om die hoek gegaan om by Centralstraat uit te kom en weer om 'n hoek gegaan om by Sixth Avenue, New Brighton uit te kom. Ek het die klomp gesien in Sixth Avenue, New Brighton. Ek woon in die ou lokasie by 7th Avenue. Dit is eintlik 'n verlenging van dieselfde straat. Dit word net geskei of die grens van die twee strate is Glen Avon. Dit wil sê aan (10) die ander kant is Sixth Avenue van New Brighton en duskant is 7th Avenue van die ou lokasie. Ek het dus die klomp gesien in die rigting van my huis kom.

HOF : Maar nog in New Brighton? -- Ja, dit is so.

En is u op die kant van die ou lokasie? -- Ja, ek sal sê ek is op die kant.

MNR. HANEKOM : Wat gebeur toe? -- Toe hulle op die hoek gekom het van Sixth Avenue en Glen Avon Road kon ek opmerk dat die klomp wat opkom en sing "droppers" in hulle besit gehad het wat van hout gemaak was. Hulle het die Glen Avon (20) Road gekruis en in 7th Avenue gekom. Toe hulle nou naby my huis gekom het, ek skat dit ongeveer 50 meter van my huis af, het ek gehoor toe hulle geskreeu het en gesê het hulle gaan na Mguba se huis toe. Op hierdie stadium het ek buite die huis gestaan. Toe ek dit gehoor het en toe ek opgemerk het dat die mense regtig ernstig was om in my rigting te kom, het ek my gesin daar binne-in die huis gaan waarsku dat hulle in een van die vertrekke moet gaan heel agter in die huis, want dit lyk vir my of hierdie mense die huis kom aanval.

HOF : Hoeveel mense was dit? -- Ek skat ongeveer 250 mense. (30)

MNR. HANEKOM : Gean voort? -- Ek het in die huis gaan staan

by 'n voorvenster en na hulle deur die venster gekyk terwyl hulle gekom het. -- My voordeur van die huis kyk nie in die rigting van die straat nie, maar in die erf na die tuin se kant toe. Met die gevolg, die vensters is aan die kant wat na die straat se kant toe is. Alhoewel ek vensters aan die voorkant van die huis het wat in die rigting van die tuin is. Deur dié venster kan ek die mense se bewegings in die straat sien in daardie hoek. Dit wil sê mense wat opkom met die straat of afgaan. Toe hulle voor my huis kom, het hulle gaan staan. Soos ek gestaan het, was hulle amper reg voor my (10) gewees. Ek het opgemerk dat daar klippe opgetel word. Dit was op daardie stadium wat ek mense gesien het wat aan my bekend was van hierdie klomp.

Wie was dit? -- Tobilizwe bekend as Ferrington David.

Weet u of hy aan enige organisasie verbonde was of nie? -- Die persoon was 'n skolier gewees. Ek is nie seker van sy lidmaatskap van enige organisasie nie.

Wie het u nog gesien? -- Verskoon my, ek het 'n fout gemaak. Tobilizwe was nie 'n skolier nie. Die tweede een is Sandile Dakayi. (20)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit 'n meisie? -- Nee, dit is 'n seun.

MNR. HANEKOM : Weet u of hy aan enige organisasie verbonde was of nie? -- Dit is die persoon waarvan ek gepraat het. Ek is nie seker nie, maar die persoon was 'n skolier gewees.

Het u nog iemand herken? -- Ja. Mzwandile Mashia wat ook bekend staan as KweKwe.

Was hy 'n skolier? -- Ja.

Weet u of hy aan 'n organisasie behoort het of nie? -- Ja.

Watter organisasie? -- COSAS. (30)

Het u nog mense herken? -- Ja.



Wie was dit? -- Toli Williams.

Was hy nog 'n skolier of nie? -- Hierdie een was nie 'n skolier nie.

Was hy verbonde aan enige organisasie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Was daar nog mense wat u herken het? -- Daar is van hulle wie se name ek nie geken het nie. Wat ek later herken het as een van die persone wat by my huis was.

Het u later sy naam uitgevind? -- Ek het vasgestel wie die persoon is later, want die persoon was besig om op my (10) perseel binne te kom toe ek hom raakgeskiet het. Ek het toe die persoon daarna by die hospitaal gaan identifiseer by Fort Beaufort. Ek het die persoon gaan opspoor te Fort Beaufort, nie by die hospitaal nie, want die persoon het verdwyn by die hospitaal van Livingstone. Dit is in Port Elizabeth.

Goed, ons sal later by die voorval kom. Was daar nog ander mense in die skare wat u herken het? -- Ja.

Noem maar almal wat u ken? -- Tom Peta, 'n seuntjie.

As jy sê 'n seuntjie, hoe oud min of meer? -- Tussen 16 en 17 jaar. (20)

Wie nog? -- Dan 'n meisiekind. Gcagciso. Sy woon nie baie ver van my huis af nie. Sy woon in die huis net agter my huis.

Is daar nog baie wat u geken het? -- Nee, dit is die laaste persoon wat aan my bekend was hierdie.

Was sy a an enige organisasie verbonde? -- Ja, sy was 'n lid van COSAS.

Wat gebeur toe daar by u huis. U sê hulle was voor die huis? -- Na ek hierdie persone herken het wat daar was, was die volgende ding die klippe wat die vensters getref het. (30) Toe dit gebeur het was ek in die sitkamer gewees en daarvandaan

... / het

het ek gehardloop na 'n slaapkamer toe waar ek 'n vuurwapen gehad het, 'n R1-geweer.

Is dit een wat deur die polisie aan u uitgereik was? --  
Dit is reg.

Wat doen u toe? -- Ek het twee magasynne gehad. Elkeen bevat twintig ammunisie. Dit wil sê altesaam was dit veertig. Ek het toe die huis verlaat, om die huis gekom om voor by hulle te kom. My trok was geparkeer gewees in die straat net voor die huis. Hulle was nog besig om die huis aan te val. Hulle was nie bewus daarvan dat ek die huis van agter af (10) verlaat het nie. Ek het eers in die lug geskiet. As gevolg van die skoot het hulle in my rigting gekyk. Op hierdie stadium het ek nog die persone gesien wat ek vroeër genoem het as die persone wat ek tussen die klomp gesien het. Dié wat ek van praat wat ek geken het was heel voor van die klomp en die res was agter. Dus kon ek hulle nog weer sien. Na ek in die lug geskiet het, toe hulle in my rigting kyk, het hulle na my begin gooi. Ek het toe aan die agterkant van die trok gaan wegkruip. Die aanval van klippe op die vensters het aangegaan. Ek het verskeie skote net bokant hulle koppe (20) gevuur, met die oog daarop dat hulle miskien sal weggaan. As gevolg van die skote, die klomp wat heel agter was het toe weggehardloop, maar hierdie wat heel voor was, het nog aangegaan met klipgooiery. Terwyl ek nog so in die lug geskiet het, het ek 'n manspersoon daar, 'n jeugdige, opgemerk met 'n wit houër soortgelyk aan 'n "jug".

HOF: 'n "Jug" nou, is dit 'n melkbeker? -- Dit is 'n groot houër met 'n handvatsel soortgelyk aan 'n melkbeker.

U wys nou heelwat groter as 'n melkbeker? -- Ja.

Ongeveer 35cm. -- Ek het opgemerk dat die houër 'n vloeï-(30) stof bevat wat af en toe van hierdie houër uitgeval het met die

... / beweging

beweging van die persoon. Die vloeistof was bruinerig van kleur, wat aan my soortgelyk was aan petrol.

MNR. HANEKOM : Wat doen u toe? -- Die persoon was op pad om in die hek van die perseel in te kom. Ek het langs die persoon se voete gevuur, die persoon het omgedraai, weggehardloop en tussen die klomp gaan inhardloop, terwyl die ander nog aanhoudend klippe na my toe gegooi het. Ek het gekoes en weggekruip vir die houe, maar ek het opgemerk dat daar van hulle was wat voorgekom het asof hulle ernstig is om na vore te beweeg. Ek het toedie laaste skote op hulle gevuur. Ek (10) het daardie magasyn van 20 ammunisie leeg geskiet. Die meeste het ek in die lug geskiet. Dit is net die laaste skote wat ek na hulle gemik het.

Het u gesien of u iemand getref het? -- Daar is een persoon wat ek gesien het wat ek raak geskiet het. Dit is die een wat ek later te Fort Beaufort gesien het, want toe die persoon omdraai en weggehardloop, kon ek sien dat die persoon kruppel hardloop.

Het u gesien waar u hom getref het? -- Nie daar nie, maar later het ek vasgestel dat ek hom in die bobeen getref het (20) en die koeël het deur sy bobeen geskiet.

Leef die persoon nog? -- Die persoon is in die tronk op die oomblik.

Wat het daarna gebeur nadat u die persoon raak geskiet het? -- Ek het aanhoudend geskiet. Op 'n stadium het ek in die rigting van Tom Peta geskiet terwyl ek nog moes gekyk het na die ander wat van die ander rigting af aanval.

HOF : Is dit nou met die volgende magasyn of is dit nog met die een magasyn? -- Dit is nog die eerste magasyn met die laaste ammunisie wat ek gehad het, voor ek dit uitgeskiet (30) het.

MNR. HANEKOM : Toe u die magasyn uitgeskiet het, wat gebeur?  
-- As gevolg van my geskietery in die rigting van Peta en in die rigting van die ander mense wat van die ander rigting af gekom het, het die mense gevlug. Op die ou end was daar niemand gewees nie.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Did you know this person that had this milk jug looking object? -- Yes, I knew that person by the name of Themba. He was not very much known to me, because he was from Port Elizabeth.

Do you know of no other name? -- No. (10)

Has there been a trial about this last event that you have described? -- Yes, there has been a trial.

Is it completed or not? -- It is completed.

Where was it held? -- Regional Court Summerset East.

What was the name of the first accused? -- I cannot remember the order.

What was the result of that case? Do you know? -- They were convicted.

How many of them? -- Seven.

Are those the people you have named? -- Some of them, (20) yes.

How long ago were they convicted? -- During last year.

During 1985? -- Yes.

Before we go any further in relation to that, I just want to get some clarity about your position in this community. You are in the detectives force? -- That is so.

Not in the security police? -- No, I just work with them but I am not in the security police.

I want you to please tell me whether you consider yourself well acquainted about the organisations that were created (30) and were in existence in Summerset East? -- Yes, I am.

... / Let

Let us just get some details from you as a knowledgeable person of the community organisations in Summerset East. When was COSAS formed in Summerset East? -- I am not certain of that, but when I came to know for the first time about its existence having something to discuss with people who were involved in it, was in 1985.

So, you first became aware of the existence of COSAS in your community in 1985. Can you tell us what month in 1985 did you become aware of COSAS?-- I cannot tell exactly during which month it was, but when I started working or taking (10) part to work with the security police, it was after June. It is then that I came to know about their position as to who was who.

And that was in June 1985. That is a year ago? -- Yes.

Before that you had no knowledge of COSAS, as to whether it existed in your community or not? -- Except from what I heard.

You had no personal knowledge up to June 1985? -- No.

And similarly, could you please tell us when did you become aware for the first time of any other community (20) organisation in the community? Let us get the date first and then we will get to the other details. When did you become aware of any other community organisation? -- In 1984.

Which organisation did you become aware of in 1984? -- I heard of COSAS during the year 1984 and I only had to do direct with the people involved in it from June 1985.

We have finished with COSAS for the time being. We are talking about when did you hear, did you come to have any personal knowledge or any personal dealings with any community organisation in your community for the first time. Not (30) what you heard or any discussions that you had here and there.

... / When

When did you become aware - let us make it easy for you, when did you hear of SERA for the first time? -- During the year 1984.

What month in 1984 do you say did you become aware of SERA? -- During October, November. Somewhere during that period.

And you are sure that you heard about SERA in October, November 1984? -- That is so.

And you are as sure of that as everything else that you have told His Lordship? -- Pertaining to what? (10)

Pertaining to the existence of an organisation called SERA in your community? -- To hear about the establishment of these organisations during October, November 1984, that is that they are being put up, that is SERA and SEYCO.

When do you say, when and where were they formed in 1984? Do you know? -- I am not in a position to tell what the date was when it was formed and where was it in fact formed. All I know is it was in 1984 when there was a talk about the formation.

If I were to put to you that SERA only came to existence in 1985, April 1985, would you be able to admit or deny it? -- I am going to deny that, because the meetings which were held from February 1985 until April were being held by SERA, SEYCO and COSAS.

Do you know of any SERA presence prior to February 1985? -- Yes, because in November 1984 there was a councillors' meeting held which I was monitoring and on the placards were written SERA and SEYCO.

COURT : What do you mean by a councillors' meeting? -- By that I mean a meeting which was held by these organisations in (30) which meeting the theme was about the councillors.

MR BIZOS : You see, what I am going to suggest to you is that the inaugural meeting for the formation of SERA was in April 1985, but that there was, that there had been committees and not formal organisations which were interim committees and which co-operated with Cookhouse and other neighbouring organisations. Do you know anything about that? -- Whether there was an interim committee or a committee of some kind, but the names SERA and SEYCO I came to know those two in 1984.

Because I am going to put to you also that there was an attempt to form SEYCO in 1984, but that too did not get off (10) the ground? Do you know anything about that? -- No.

And the reason why neither of these organisations got off the ground - no, I am sorry, the reason why SEYCO, that organisation, did not get off the ground, was because they were not allowed to use any facilities belonging to the Administration Board? -- What I know is, the name SEYCO was there known since 1984.

Well, I am going to put to you that there was only an interim committee of SEYCO and the reason given right up to the end of 1984 for not giving SEYCO the hall, was because they (20) were, to use their words, an illegal organisation, because they had no inaugural meeting and constitution? -- No, that part I do not know.

If you say that there was a SERA in 1984, who was the chairman, who was the secretary and who were the committee members? -- I said from hearing from other people that it was Wilfred Mdo.

What was he? -- The chairman.

Who was the vice-chairman? Who was the secretary? Who was the treasurer? Who were the committee members? (30)

COURT : Just a moment. Let us take it one at a time. The first

... / question

question is who was the vice-chairman? -- The secretary was Wilson Ngwalangwala. I only know the chairman and the secretary.

MR BIZOS : In 1984? -- Yes.

Of SERA? -- Yes, from what I heard.

Let us take SEYCO. Who do you say, even from what you heard, the chairman was in 1984? -- I heard the chairman then was Andile Ntshutu. The secretary was LudoeJafta. Banzana, I think he was a president from what I heard.

Oh, I see. Was there a different office of president and chairman? -- Yes, that is what I heard. (10)

Any other names of the committee? -- Yes, in SEYCO. Panama Njenje, Ludoe Nxaye, Alex Mapela.

Let us make this quite clear. That these are not the names that you have given us of people whose names you learnt as an associate of the security police after the middle of 1985. These are names you heard as office bearers of SEYCO in 1984? -- That is true. I came to know about these names in the year 1984. Again in 1985. Then I came to know exactly not from hearsay.

Because you were working with the security police. (20)  
You got official information? -- From what I heard pertains to 1984 and in 1985 this information I got from these people I referred to, for instance when you have to something to discuss with that person and then this person would tell you I am so and so from this organisation and holding this position.

Did you have something to do with these people whose names you mentioned whilst working with the security police after June 1985? -- Yes.

Did you interrogate this? -- In this sense that I was interpreting wherever there was a communication breakdown (30) then I would be used there as an interpreter.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 19 JUNE 1986.



## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

*Publisher:*- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2009

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:*- AK2117-I1-14-110

*Document Title:*- Vol 110 p 5447-5500. Witnesses: Labuschagne, Mguba